Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: http://www.nuwelied.info

# YHVH SE VOEDSELVOORSKRIFTE

## LES 4: DIE DOEL VAN REIN EN ONREIN VOEDSEL

### INLEIDING

1. In die vorige les (Les3) het ons gesien dat die onderskeid tussen rein en onrein diere reeds aan die begin, voor die verbond van die wet, aan die mens bekend was. So het ons gesien dat Noag ondermeer hierdie onderskeid verstaan het toe hy die diere die ark laat ingaan het.

2. Onderskeid tussen rein en onrein diere was dus nie vir die eerste keer ingestel as deel van die verbond met Israel nie, maar was van die begin af een van YHVH se instruksies (wette, vereistes). Rein en onrein diere is dus nie geïsoleer tot die verbond van die wet nie. Daarom kan die vraag gevra word: Indien dit voor die verbond van die wet gegeld het, hoekom sal dit op enige stadium na die verbond van die wet opgehef word?

3. Ons het ook reeds gesien dat dit 'n verkeerde siening is om te glo dat YHVH se wette (Sy Torah) nie voor die verbond van die wet bestaan het nie. Abraham is bevestiging dat God se onderrig en instruksies voor die verbond van die wet bestaan het en aan die mens bekend was en dat Abraham daarvolgens gelewe het (Gen. 26:4 en 5).

4. Met bogenoemde ingedagte kan ons nou die doel van die eet van rein voedsel en die weerhouding van die eet van enige iets wat onrein is, ondersoek. Alvorens ons dit egter ondersoek moet ons eers duidelikheid kry oor wat YHVH ons God as voedsel beskou.

### DIE SKRIFTE SE DEFINISIE VAN VOEDSEL

1. 'n Eenvoudige definisie van voedsel is *dit wat deur die mens ingeneem word om lewe te onderhou en groei te verseker*. Die primêre doel van voedsel is dus om liggaamlike welsyn te verseker. Voedsel het egter ook 'n ander baie belangrike funksie, naamlik: *dit verskaf genot en bevrediging aan die mens*. YHVH het aan die mens sintuie gegee wat 'n

belangrike rol speel by die eet van voedsel. Al vyf sintuie (smaak, reuk, sien, voel en hoor) is betrokke by die genot van eet.

2. Die mens eet om te leef, maar lewe ook om te eet. Hierdie twee basiese behoeftes moet beheer word en daar moet ‘n goeie balans tussen beide gehandhaaf word. Daar is twee uiterstes, naamlik: Sommige is so gesondheidsbewus dat hulle hulself die genot van eet totaal ontneem. Dan is daar aan die anderkant diegene wat feitlik alle gesondheidsvoorskrifte oorboord gooi en slegs lewe om te eet. Die gevaar van hierdie twee uiterste, naamlik om **net te eet** om te lewe en om **net te lewe** om te eet, is dat voedsel ‘n afgod kan word. In beide uiterstes word die mens deur voedsel beheer – die mens verafgod voedsel.

3. YHVH het aan die mens ‘n verskeidenheid van voedsel gegee sodat hy daarvan kan eet om te lewe, maar om dit wat hy eet ook te geniet. As Skepper van die mens weet YHVH egter watter voedsel sal die menslike liggaam onderhou en groei verseker en watter skadelik is. Daarom moet ons Abba Vader se voedselinstruksies nougeset volg.

4. In Gen. 1:29 lees ons die volgende: *Verder het God gesê: Ek gee nou aan julle al die plante wat saad gee, wat op die hele aarde is, en al die bome waar boomvrugte aan is, wat saad dra. Dit sal julle voedsel wees.* Hiervolgens is die meerderheid Skrifverklarings eenstemmig dat die mens voor die sondeval ‘n vegetariese dieet gevolg het. Na die sondvloed het die mens se dieet egter verander toe YHVH aan Noag gesê het (Gen. 9:3 en 4):

   *Alles wat beweeg en lewe, sal julle voedsel wees. Net soos die groen plante, gee Ek dit alles aan julle. Net die vleis met sy siel, met sy bloed, mag julle nie eet nie.*

5. Talle glo dat in die lig van Gen. 1:29 en Gen. 9:3 en 4 dat YHVH die mens die vryheid gegee het om te mag eet wat hy wil. Ons moet egter die volgende in berekening bring wanneer hierdie Skrifgedeeltes verklaar word:

   - Alle saaddraende plante is nie geskik as voedsel vir die mens nie, want sommige, of dele daarvan, is giftig en kan dus nie as voedsel beskou word nie. Die mens moet dus kan onderskei watter is voedsel en watter kan nie geëet word nie. Hierdie insig het die mens van die begin af gehad en daarom moet Gen. 1:29 in die lig daarvan verklaar word.

   - Dieselfde argument is ook van toepassing op dit wat beweeg en lewe. Sommige diere, of gedeeltes van sommige diere, is giftig en kan nie deur die mens geëet word nie. Genesis 9:3 en 4 moet dus ook in die lig hiervan verklaar word. Die mens moet dus, soos in die geval van

plante, kan onderskei watter diere heilsaam is om te eet. Ons kan ook aanvaar dat die mens van die begin af hierdie insig gehad het.

6. Gevolgtrekking: Hoewel alle saaddraende plante oënskynlik as voedsel vir die mens gegee is, moet die mens kan onderskei watter heilsaam is, en dus voedsel is wat geëet mag word, en watter vermy moet word. Dieselfde geld ten opsigte van vleis wat geëet mag word, behalwe dat YHVH verder ook die diere verdeel in die wat rein is, en dus geskik vir eet is, en die wat onrein is en nie geëet mag word nie. **Daar is 'n duidelike verskil tussen wat YHVH as voedsel beskou en wat die wêreld as voedsel beskou**.

7. In hierdie studie moet ons ook die volgende opdrag aan die mens nie vergeet nie:

   *En YHVH-God het aan die mens bevel gegee en gesê: Van al die bome van die tuin mag jy vry eet, maar van die boom van die kennis van goed en kwaad, daarvan mag jy nie eet nie; want die dag as jy daarvan eet, sal jy sekerlik sterwe.* Gen. 2:16 en 17.

   Om te eet van die Boom van Lewe is om Torah-gehoorsaam te wees. Diegene wat eet van die boom van kennis van goed en kwaad onderskei volgens eie insig, en eie wil, wat rein en onrein is en wat goed en wat kwaad is. So 'n persoon stel sy wil bo die van YHVH.

8. Dit is wysheid om die volgende te oorweeg: YHVH het geen onrein diere as offerhande in die tabernakel wat deur Moses volgens God se plan gebou is geduld nie. Hoekom sal Hy die eet van onrein diere toelaat in die tabernakel wat deur Yeshua Messias in ons gebou word? Ons liggame is 'n tempel van die Afgesonderde (Heilige) Gees (1 Kor. 6:19; 1 Kor. 12:27; 2 Kor. 6:16).

## DIE DOEL VAN YHVH SE VOEDSELVOORSKRIFTE

1. In Levitikus 11 en in Deuteronomium 14 vind ons 'n lys van die rein en onrein diere. Die lys in Levitikus 11 is gegee aan die geslag wat uit Egipte bevry is, en in Deuteronomium 14 word hierdie lys bevestig aan die geslag wat op die punt gestaan het om die beloofde land binne te gaan.

2. Volgens Levitikus 11:44 mag geen onrein diere geëet word nie. Die doel daarvan is: *toon dan dat julle afgesonder is en wees afgesonder.* Om onrein diere te eet is om verontreinig te word. Later in Deut. 14:3 bevestig YHVH dit met die volgende woorde: *Jy mag niks eet wat 'n gruwel is nie*. Israel is 'n volk afgesonder aan YHVH en uitverkies om Sy eiendomsvolk te wees uit al die volke wat op die aarde is (Deut. 14:2). Om afgesonder te wees is om uitgesonder (uitgeroep; gekies; toegewy; eenkant geplaas; *set-apart*) te wees.

3. Heiligmaking vereis dus van die gelowige ‘n leefwyse wat duidelike onderskeid maak tussen die gelowige en die res van die wêreld. ‘n Lewe as uitgeroepene (uitgesonder; *set-apart*) vereis ‘n lewe van rein gedagtes, rein woorde en rein dade.

4. YHVH het Israel uit Egipte bevry sodat Hy vir hulle ‘n God kan wees en daarom moet hulle afgesonder wees, want YHVH is afgesonder (Lev. 11:45). Hierdie Opdrag word baie duidelik in die nuwe (hernieude) verbond herhaal en dus bevestig. Luister na die woorde van Petrus soos in 1 Pet. 2:9 opgeteken is:

> *Maar julle is ‘n uitverkore geslag, ‘n koninklike priesterdom, ‘n afgesonderde volk, ‘n volk as eiendom verkry, om te verkondig die deugde van Hom wat julle uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig, julle wat vroeër geen volk was nie, maar nou die volk van God is; aan wie toe geen barmhartigheid bewys is nie, maar nou bewys is.*

5. As nie-Jode (*gentiles*), maar as gelowiges in Yeshua Messias, is ons as wilde olyftak ingeplant op die mak olyfboom en het ons sodoende deel geword van die burgerskap van Israel (Ef. 2:12 tot 14). Ons is dus net soos Israel Vader-God se eiendomsvolk wat soos Hy afgesonder moet wees.

6. Die oorhoofse doel van die weerhouding van die eet van die vleis van enige onrein dier het dus heiligmaking ten doel. Ons is duur gekoop deur die kosbare bloed van Yeshua Messias en daarom wil Vader-God nie hê dat ons onsself moet besmet deur in kontak te kom met enige geestelike of fisiese onreinheid nie (1 Kor. 6:15 tot 20; 2 Kor. 6:17 en 18). Aangesien ons duur gekoop is, moet ons God in ons gees en liggaam verheerlik (1 Kor. 6:20).

7. Om nie onrein voedsel te eet nie is ‘n teken om as gelowige afgesonder (uitgesonder; uitgeroep; eenkant geplaas; *set-apart*) te lewe. ‘n Teken van ‘n lewe van heiligmaking deur gehoorsaamheid aan Vader-God.

**HEILIGMAKING**

1. Heiligmaking is uiteraard veel meer as net die vermyding van onrein voedsel. Dit gaan nie net oor die uiterlike nie. Nee, dit is ‘n hartgesindheid teenoor YHVH en medemens wat sigbaar sal word deur woorde en dade wat bewys sal wees van ‘n lewe as uitgeroepene waardeur God in alles verheerlik word. Lees Matt. 23:23 tot 28.

2. YHVH se onderrig en instruksies is die lamp vir ons voet en die lig op ons pad (Ps. 119:105) van heiligmaking, naamlik hoe om as geregverdigde te lewe. Indien ons Sy Torah oortree, hou dit sekere gevolge in waarvoor ons self verantwoordelik is. Byvoorbeeld: Die gevolg van owerspel is ‘n gebroke huwelik en van moord is die doodstraf of lewenslange tronkstraf.

Kan ons dit dan waag om te glo dat die oortreding van YHVH se voedselvoorskrifte geen nadelige gevolge sal inhou nie? Deuteronomium 28 vanaf vers 15 bevat 'n lys van onheile (rampe; elendes, vloeke) wat die mens sal tref wat nie luister na die stem van YHVH om sorgvuldig te hou al Sy gebooie en sy insettinge wat Hy ons beveel nie (vers 15).

3. Indien ons egter goed luister na die stem van YHVH ons Vader, en sorgvuldig sy Torah (alles wat Hy ons beveel) onderhou en in Sy weë wandel, dan sal Hy ons as afgesonderde volk bevestig (Deut. 28:9).

4. Vader YHVH vereis van ons as gelowiges in Yeshua Messias om afgesonder te wees. Hy het ons in Hom uitverkies, nog voor die grondlegging van die wêreld, om afgesonder en sonder gebrek voor Hom in liefde te wees, deurdat Hy ons voorbeskik het om ons as sy kinders vir Homself aan te neem deur Yeshua, na die welbehae van sy wil, tot lof van die heerlikheid van sy genade waarmee Hy ons begenadig het in die Geliefde (Ef. 1:4 tot 6).

5. Petrus bevestig dit met hierdie woorde (1 Pet. 1:14 tot 16):

*Soos gehoorsame kinders moet julle nie jul lewe inrig volgens die begeerlikhede wat tevore in julle onwetendheid bestaan het nie. Maar soos Hy wat julle geroep het, afgesonder is, moet julle ook in jul hele lewenswandel afgesonder word, omdat daar geskrywe is: Wees afgesonder, want Ek is afgesonder.*

6. Die woorde van Paulus aan die Korinthiërs is steeds vandag op ons van toepassing, naamlik:

*Daarom, gaan onder hulle uit en sonder julle af, spreek YHVH; en raak nie aan wat onrein is nie, en Ek sal julle aanneem; en Ek sal vir julle 'n Vader wees, en julle sal vir My seuns en dogters wees, spreek YHVH, die Almagtige.* 2 Kor.6:17 en 18

**BEPEINS OF BESPREEK DIE VOLGENDE**

1. Om alles in Torah nougeset te onderhou is nie maklik nie, veral as dit kom by die oortredinge deur ons gedagtes en woorde. Die voedselvoorskrifte is egter van die "maklike" instruksies, want dit behels slegs 'n wilsbesluit, naamlik: Ek weier om dit te eet wat onrein is. Dit is iets wat jy maklik fisies kan doen. Tog, is die voedselvoorskrifte van Vader-God die een gedeelte van Torah wat die meeste Christene sonder aarseling of twyfel oortree. Is dit net blote onkunde? Is hierdie moedswillige oortreding van YHVH se voedselvoorskrifte nie vergelykbaar met die moedswillige oortreding van enige van die tien gebooie nie?

2. Hoekom het die bose geeste wat Yeshua Messias uit die twee besetenes van Gadara gedryf het in 'n trop varke gevaar (Matt. 8:28 tot 34). Is dit

nie omdat bose geeste onrein geeste is wat tuis sal voel in onreine diere (varke) nie? Is dit toevallig?

Shalom tot volgende keer.
Johan Kriel

Epos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: http://www.nuwelied.info

*Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.*